## Volhard in die geloof en funksioneer as gemeente van Christus

**Lees: Handelinge 2: 37 – 47** **Teks: Handelinge 2: 42**

Om deel van ‘n kerk te wees is iets wonderlik. Ons bely graag dat ons deel is van watter gemeente ons ookal mag wees. Maar watter beeld word deur ons die wêreld ingedra? Wat is dit wat die wêreld van ons sien?

Ons voorgelese gedeelte gee vir ons ‘n aanduiding van hoe dit moet lyk. Hierin word beskryf hoe die eerste gemeente in Jerusalem gelyk het. Dit was in opdrag van die Apostels.

Hierdie gebeure vind plaas op Pinksterdag. Dit was ‘n Sondag. Tien dae na die Hemelvaart. Die Heilige Gees is pas uitgestort en Petrus het sy eerste preek gelewer. Die mense wat dit gehoor het is “diep in die hart getref”. Soveel so dat daar 3000 mense op hierdie dag tot bekering gekom het.

Daar het so pas ‘n gemeente tot stand gekom. Wat moet hulle as gemeente en gelowiges doen? Hier in vers 42 word vir ons ‘n uiteensetting gegee van hoe dit in ‘n gemeente behoort te lyk:

Leer van die Apostels: Dit sou die werk word van die apostels om die mense te leer van Jesus Christus. Hulle was immers oog en oor getuies van Jesus Christus. Hulle moes die Blye Boodskap van die velossing in Christus aan die wêreld verkondig. Wat egter van belang is, is die feit dat die gemeente daarin moes volhard. Dit beteken om nie net dit ter harte te neem nie. Maar as Christus mense die opdrag gee om heen te gaan en mense Sy dissipels te maak, dan moet die gemeente dit ook doen.

Hoe volhard ons in hierdie leer? Lees ons ons Bybels? Verdiep ons ons in die Woord? Hou ons huisgodsdiens, of woon ons kerk by, katkisasie of watter ander aktiwiteit daar mag wees? Ons moet die geleentheid aangryp om ons te verdiep in die Woord van die Here.

Gemeenskap: Die 1983 vertaling praat van onderlinge verbondenheid. Dit beteken om ag te gee op mekaar, of om mekaar se laste te dra. Hier sien ons hoe mense hulle eiendom verkoop het, of hulle kos met mekaar gedeel het. Hulle het saam brood gebreek, “en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet”. Ons kom agter dat daar vreugde en blydskap was onder hierdie gemeentelede. ‘n Lus en ‘n ywer om daar te wees vir mekaar.

Doen ons dit? Hoe sien ons om na mekaar? Ken ons werklik mekaar in ons gemeentes? Ek wonder hoeveel van ons weet wie die persoon is wat langs ons in die Kerk sit? Weet ons wat mekaar se behoeftes is?

Gebed: So sien ons dat hierdie gemeente vir mekaar bid. Die gebed wat die vernaamste deel van ons dankbaarheid moet wees. Die gebed wat pas by alles wat Paulus in sy briewe van al die gemeentes vra om vir hom te doen.

So behoort ons lewens gekenmerk te wees deur gebed. Gebed vir mekaar, vir ons predikante, ouderlinge, diakens, kerke, ons regering en so kan ons maar opnoem.

Een van die belangrike dinge wat ons Kerkgroei Deputate duidelik uitstip is die belangrikheid van die gebed. Ons kan daarsonder nie.

So sien ons duidelik in hierdie gedeelte hoedat daar volhard moet word in wat die Woord ons leer, en in ons onderlinge verbondenheid met mekaar, asook ons gebede vir mekaar.

Ons in die Kerk van ons Here Jesus Christus vandag moet onself afvra op hoe 'n wyse ons hierdie eienskappe vertoon in ons eie lewens en ons eie gemeentes? Is daar vreugde en blydskap soos ons lees in vers 47 soveel so dat ons God prys en eer, en sien hoedat die Here daagliks by die gemeente voeg? Ons kan nie anders as om gehoorsaam te wees aan dit wat die Here van ons vra in Sy Woord. Daardeur kan ons hom eer en verheerlik en Sy Naam groot maak.

**Ds. Neville Boy**
**9 Februarie 2020**